


Ontmoeting
IN DIE
Stilte
1 KONINGS 19:1-15

[1]Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles
gedoen het, ook dat hy al die profete
om die lewe gebring het. [2]Toe het Isebel
'n boodskapper na Elia toe gestuur om
vir hom te sê: "Mag die gode my om die
lewe bring as ek nie môre teen hierdie
tyd met jou gemaak het soos jy met die
profete nie."

*1 Konings 19:1-15*


1
2

# Elijah Flees to Mt. Horeb
(1 Kings 19)



1 Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles
gedoen het, ook dat hy al die profete
om die lewe gebring het.
2 Toe het Isebel
'n boodskapper na Elia toe gestuur om
vir hom te sê: “Mag die gode my om die
lewe bring as ek nie môre teen hierdie
tyd met jou gemaak het soos jy met die
profete nie.”

*1 Konings 19:1-15*

[3]Elia het bang geword en ter wille van sy
lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom,
het hy sy slaaf daar agtergelaat. [4]Hy self het
egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan.
Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en
gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is
dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is
niks beter as my voorvaders nie."

*1 Konings 19:1-15*

5 Toe gaan hy lê en hy het daar onder
die besembos aan die slaap geraak.
Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel
aan hom en sê: “Word wakker! Eet!”
6 Toe hy opkyk, sien hy by sy kop
roosterkoek wat op warm klippe gebak
is, en 'n kruik water. Hy het geëet en
gedrink en weer gaan lê.

*1 Konings 19:1-15*

7 Die engel het 'n tweede keer aan
hom geskud en gesê: “Word
wakker! Eet! Anders sal die pad vir
jou te lank word.”
8 Toe staan hy op en hy eet, en deur
die krag van die kos kon hy veertig
dae en veertig nagte lank loop tot
by Horeb, die berg van God.

*1 Konings 19:1-15*



**Joy Clarkson**
@joynessthebrave

This is your gentle reminder that one time in the Bible Elijah was like “God, I’m so mad! I want to die!” so God said "Here’s some food. Why don’t you have a nap?" So Elijah slept, ate, & decided things weren't so bad. Never underestimate the spiritual power of a nap & a snack.

9 Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar
deurgebring. Toe het die woord van die Here tot
hom gekom en vir hom gesê: “Wat maak jy hier,
Elia?”
10 Hy antwoord toe: “Ek het my met hart en siel
gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die
Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle
het u altare afgebreek en u profete doodgemaak.
Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om
my ook om die lewe te bring.”

*1 Konings 19:1-15*

11 Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.”
Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.

*1 Konings 19:1-15*

12 Na die aardbewing was daar 'n vuur.
Maar in die vuur was die Here nie. En na
die vuur was daar 'n fluistering in die
windstilte.
13 Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met
sy mantel toegemaak en by die bek van
die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem
wat vir hom sê: “Wat maak jy hier, Elia?”

*1 Konings 19:1-15*

14 Hy het geantwoord: “Ek het my met hart en siel
gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die
Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle
het u altare afgebreek en u profete doodgemaak.
Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook
om die lewe te bring.”
15 Maar die Here sê vir hom: “Draai in jou spore om
na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar
aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning
van Aram.

*1 Konings 19:1-15*

# A HOLE IS TO DIG

A FIRST BOOK OF FIRST DEFINITIONS



BY **Ruth Krauss**

PICTURES BY **Maurice Sendak**




Ontmoeting
IN DIE Stilte
1 KONINGS 19:1-15